Applous

Plesier om Laurika weer te sien

WAT 'n plesier om Laurika Rauch weer in 'n vertoning van haar eie te sien. Vooraf het sy belowe dat sy ná 'n lang blaaskans nou weer net wou sing. En dit is presies wat sy gedoen het . . .

Met daardie kenmerkende warm stem van haar het sy, soos belowe, haar gehoor op 'n musikale reis van 'n "matelose moontlikhede" geneem.

Tot groot genot van die gehoor het haar program enkele van haar bekende gunstelinge bevat soos *Op Blouberg se Strand, Ek het 'n Huisie by die See,* en Koos du Plessis se *Kinders van die Wind.* Maar, van al haar bekende treffers, is die liedjie wat Laurika seker die res van haar loopbaan met haar sal saamdra, Christopher Torr se roerende mooi *Stuur Groete aan Mannetjies Roux.*

Laurika ken ook die kuns om 'n liedjie haar eie te maak, soos sy gedoen het met haar meesleurende vertolking van Koos Kombuis se poëtiese en atmosfeerbelaaide *Lisa se Klavier,* en Adele Bloomendaal se *Vleeslijke Woning.*

Plek: After Dark-restaurant, Pretoria
Aanbieding: Moontlikhede
Speelvak: Tot 14 September
Koos van Rensburg

'n Liedjie wat seker nog dikwels in die toekoms gehoor gaan word, is Christopher Torr se *Stille Water, Diepe Grond,* wat gewis 'n plek op 'n volgende plaat van Laurika behoort te vind.

'n Aangename en gewilde afwisseling was haar keuse van enkele Engelse liedjies wat sy gesing het. Daar was Jim Croce se *One Less Set of Footsteps* met sy lekker country-ritme, Dan Fogelberg se *The Leader of the Band* en Billy Joel se *And So It Goes.*

Met laasgenoemde liedjies het die klawerbordspeler Didi Kriel ook weer bewys waarom hy een van die swaargewigte onder plaaslike musikante is. Die man se klawerbordvernuf en aanvoeling vir musiek is net eenvoudig verstommend.

Die res van die orkes is ook almal kunstenaars wat reeds bekend is op die plaaslike musiektoneel. In dié aanbieding het hulle Laurika weer die ondersteuning gegee wat 'n ster van haar kaliber verdien.

Haar hulde aan die orkeslede met die liedjie *Er Zijn Mannen,* was heel gepas en genotvol.

Dit is gewis 'n genoeglike aand van die boonste rak, wat geen liefhebber van Laurika behoort mis te loop nie.